# Mev. Pikkewyn se *Perfekte Paleis*

Helen Brain • Celeste Beckerling



Mev. Pikkewyn se

# Perfekte Paleis



Hierdie boek behoort aan

______________________________



*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Mev. Pikkewyn se Perfekte Paleis*
*(Mrs Penguin's Perfect Palace)*
Illustrated by Celeste Beckerling
Written by Helen Brain
Designed by Arthur Attwell
with Vian Oelofsen and Jennifer Jacobs, and the help of Book Dash participants in Cape Town on 10 May 2014.

ISBN: 978-1-928442-54-7

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Mev. Pikkewyn se
# Perfekte Paleis



Helen Brain • Celeste Beckerling

“Ek wens ek het ’n HUIS gehad!” sê mev. Pikkewyn.
“Ek haat dit om tussen die rommel te woon.”



“Liewe mev. Pikkewyn,” sê mnr. Pikkewyn.
“Ons sal vir jou ’n kasteel bou.”



Die Pikkewyn-gesin spring aan die werk.



“Die sand laat my jeuk,” mor Sussie.



“Die afmetings is verkeerd,” sê Boetie.

“Ek’s honger,” sê Pikkie.





Mev. Pikkewyn sug. Sy moet al die werk doen.

Uiteindelik is die
kasteel klaar.



Maar die gety kom in en spoel dit weg.
“Ons sal weer probeer,” sê mnr. Pikkewyn.



“Kom kinders, ons gaan vir Mamma ’n herehuis van klip bou.”



Die Pikkewyn-gesin spring aan die werk.



“Die klippe is swaar,”
mor Sussie.





“Die afmetings is
verkeerd,” sê Boetie.

“Ek’s nog steeds honger,” sê Pikkie.





Uiteindelik is die herehuis klaar. Maar die wind kom en waai dit om.



Mev. Pikkewyn is kwaad. “Ek gaan nie nog ’n steek werk doen nie,” sê sy.

“Ons sal weer probeer,” sê mnr. Pikkewyn.

“Ek kan aan niks dink nie,” sê Sussie. “Dis te moeilik.”

“Ons het nie sement nie,” sê Boetie. “’n Mens kan nie ’n behoorlike huis sonder sement bou nie.”



“Ek’s honger,” sê Pikkie.

Mev. Pikkewyn sug.

Sy gaan nooit haar huis kry nie.



“Kyk net na hierdie gemors,” sê sy.



Toe kry mev. Pikkewyn ’n blink plan.





"Boetie, gaan haal jy hout," sê sy.

"Sussie, gaan soek jy nette."



"Pikkie, gaan haal jy plastiek. Mnr. Pikkewyn, gaan kry die hamer."

Hulle werk die hele dag lank.



“Ek’s moeg,” sê Sussie.

“Hou aan werk,” sê mev. Pikkewyn.

“Die afmetings is verkeerd,” sê Boetie.

“Hou aan werk,” sê mev. Pikkewyn.



“Ek’s nog steeds honger,” sê Pikkie.

“Hou aan werk,” sê mev. Pikkewyn.



"Dit gaan wonderlik wees," sê mnr. Pikkewyn.

"Jy doen goeie werk," sê mev. Pikkewyn.



En hulle werk en werk en werk en werk ...



... en uiteindelik is die huis klaar.





“Welkom by jou paleis,” sê mnr. Pikkewyn.

Mev. Pikkewyn klap haar vlerke. “Dankie,” sê sy.

“Dit is mev. Pikkewyn se Perfekte Paleis.”



